

Van Stamverwante Bodem

deur

DR. JAN PLOEGER

IN „Neerlandia” (Junie 1960) kan ’n uitvoerige verslag aangetref word van die verrigtings van die 34e „Nederlandse Taal- en Letterkundig Congres” wat in die Vlaamse stad Gent gehou is. Dr. Michiel Van de Kerckhove (Kortryk) het o.m. ’n voordrag oor die onderwerp „De Nederlandse cultuur in het nieuwe Europa” gehou en o.m. verklaar: „Wij beginnen in het Vlaamse volk pas tot de algemene cultuur toe te treden. Wij hebben zodanig moeten vechten voor onze eigenheid, dat wij nu pas een zekere geruststelling hebben. Want de Vlaamse beweging heeft de veldslag gewonnen . . .” In hierdie verband is dit ook verheugend dat die Brusselse afdeling van die „Algemeen Nederlands Verbond” onlangs onder groot blyke van belangstelling sy vyf-en-estigste jubileum kon vier. Die A.N.V. in die Unie is verteenwoordig deur mnr. P. Korthuys, ’n Nederlander wat die vergadering in Afrikaans toegesprek het. Mnr. Korthuys het die afdeling Brussel o.m. versoek om „morele steun en belangstelling voor de strijd der Blanken in Zuid-Afrika en aanmoediging tot emigratie van Vlamingen naar Zuid-Afrika” aldus die Brusselse blad „De Standaard” van 13.6.1960.

In die historiese stad Delft is ’n tentoonstelling gehou by geleentheid van die vestiging van die *Oranje-Nassaumuseum*. In ’n katalogus kom ’n groot aantal besonderhede in verband met verteenwoordigers van die Huis van Oranje-Nassau voor.

Die inhoud van „*Bulletin Museum Boymans-van Beuningen (Rotterdam, deel XI, nr. I)*” is aan die vyf-en-twintigjarige bestaan van hierdie belangrike museum en ’n deel van sy kosbare inhoud gewy. In deel X, nr. 3 kom na aanleiding van ’n skildery van die seekaptein Jan van Amstel ook besonderhede oor *admiraal Cornelis Tromp* voor.

In die verslag van die Amsterdamse *Ryksmuseum* (oor 1958) is op bl. 32-33 vermeld dat hierdie museum ’n aantal tekeninge met betrekking tot Oos-Indië en Suid-Afrika verwerf het. Hulle is van die hand van die Deense topograaf *Johannes Rach* (1720 — 1783) en sy navolgers. Ook is vermeld dat in die „*Bijdragen voor de Taal-, Land- en Volkenkunde*” (1952) ’n bydrae „*Johannes Rach aan de Kaap*” van die hand van mev. J. de Loos-Haaxman verskyn het.

In die maandblad „*s’Gravenhage*” (1960, nr. 2) is ’n uitvoerige bydrae gewy aan die plaaslike paleis. In verband met die Nederlandse koloniale geskiedenis is die „*Suikerhuis*” (tans die *Mauritshuismuseum*) van belang omdat dit op las van Johan Maurits van Nassau-Siegen, beter bekend as „die Brasiliaan”, gebou is. Hy was die laaste goewerneur van die Nederlandse besitting Brasilië.

Dit was ’n gelukkige gedagte van die redaksie van die „*Bulletin van het Rijksmuseum*” (Amsterdam) om die inhoud van nr. 2 (1960) rondom twee bekende sewentiende eeuse Nederlanders, die broers *Johan en Cornelis de Witt*, te groepeer. Die inhoud van hierdie waardevolle nommer staan in verband met die museumbesit aangaande die broers wat in die stormagtige jaar 1672 op tragiese wyse om die lewe gekom het. Met betrekking tot die invloed wat die broers op kunsgebied uitgeoefen het, kom dr. R. van Luttervelt tot die gevolgtrekking dat J. en C. de Witt „de schone kunsten alleen nog maar de functie toe (kenden) mee te helpen om aan hun staatkundige status uitdrukking te geven.”

In die maandblad „*Zuid-Afrika*” (Amsterdam, nr. 6, 1960) het die tweede deel van die oorsig „*Vijftig jaar Unie*” verskyn. Die inhoud van hierdie artikel dek die tydperk 1910 — 1960. In dieselfde nommer is ’n kort bydrae gewy aan die oud-stryder mnr. G. A. D. Kraan wat voor die Tweede Vryheidsoorlog op Volksrust in diens van die N.Z.A.S.M. was. Verder is vermeld dat die „*Nederlands-Zuidafrikaanse Vereeniging*” ontstaan tydens die tydperk van die Eerste Vryheidsoorlog, vanjaar driekwart eeu bestaan.

Ons gelukwense vir die nuttige werk wat die N.Z.A.V. in die verlede verrig het en nog steeds doen!

In „*Ons Amsterdam*” (nr. 7, 1960) bespreek B. Ram die lusoorde wat ryk Amsterdammers in die sewentiende eeu aan die Vecht (tussen Amsterdam en Utrecht) laat bou het. Onder hierdie huise kom „Over-Holland” (Sweedse plantkundige Linnaeus) en „Boom en Bosch” (Vise-admiraal Engel de Ruyter) voor.

J. Z. *Kannegieter* het verdienstelike werk gelewer in verband met sy uitgebreide en deeglike navorsingswerk oor daardie deel van Amsterdam wat in die volksmond as die „Jordaan” bekend staan. In verband met hierdie naam is in die verlede reeds verskillende menings oor die oorsprong daarvan uitgespreek. Die skrywer meen dat sewentiende eeuse Protestantse Franse (Hugenote), afkomstig van die distrik Cantal, verantwoordelik vir hierdie naam (Jordanne) was. *Kannegieter* se boek (135 bl., met kaarte en afbeeldings) gee meer as die titel „*De Amsterdamse Jordaan. Een onderzoek naar de oorsprong van de naam*” („Gemeentelijke Commissie Heemkennis”, Amsterdam, 1959) aanvanklik laat verwag. Dit is ’n waardevolle brokkie kultuurgeskiedenis wat in die 17e eeu sy aanvang geneem het.

Die bekende Nederlandse kunskenner dr. H. E. van Gelder bespreek in „*Mededelingen Haags Gemeentemuseum*” (nr. I, 1960) werke van Jan Steen. ’n Katalogus het verskyn na aanleiding van ’n tentoonstelling van akwarelle en tekeninge van *Kees Verwey* (verwant aan A. Verwey en Berlage) in die Rotterdamse museum Boymans-van Beuningen.


Met betrekking tot die Nederlandse tydperk in ons geskiedenis noem ons ten slotte ’n uitstekende publikasie van die *Caltexmaatskappy* (Kaapstad) wat aan skole kosteloos beskikbaar gestel word. Dit handel oor hoe ons voorouers geleef en gewerk het en dek die tydperk van Van Riebeeck tot die negentiende eeu. Ryklik geïllustreer en vakkundig saamgestel pas hierdie werke by die Transvaalse leerplan (vaderlandse geskiedenis, st. VI) aan. Dit is te hope dat deel II van die reeks spoedig sal verskyn en dat baie onderwysers van hierdie geleentheid sal gebruik maak om hul klas- en vakkiblioteke te verryk.

Kl. Sierksma het talryke studente op die gebied van heraldiek ’n uitstekende diens bewys met sy „*De gemeentewapens van Nederland*”, ’n werk van ongeveer 250 bladsye (Prismareeks 501) waarin hy o.m. die wapens van Nederland, die provinsies en die stede en dorpe bespreek, beskryf en geskiedkundig verklaar. Ook bespreek hy die simbole wat in hierdie wapens voorkom. Steunend op gesaghebbende werke van 1862 en 1941 — 1943 is dit een van die verdienstes van Sierksma se werk dat hy die gegewens in sy boek tot 1.5.1959 bygewerk het. Die wens kan slegs uitgespreek word dat ons land ook mettertyd oor so ’n publikasie kan beskik.

Die elfde druk van *prof. dr. P. J. Bouman* se voortreflike werk oor die lotsverbondenheid van volke en rasse „*Vijfstromenland. Balans der Werelddelen*” het in 1959 by die uitgewery Van Gorcum en Kie. (Assen) verskyn. Die afdeling „Zuid-Afrika. Volksplanting, geen kolonie” is aan ons land, sy bevolking en ons probleme gewy. Die desbetreffende oorsig en beskouings is tot die heengaan van Eerste Minister Strijdom uitgewerk.

Waar *prof. dr. Bouman* hom verdiep in die hedendaagse en steeds veranderende wêreldbeeld, daar staan *prof. H. Baudet* in „*Het paradijs op aarde*” (dieselfde uitgewers, 1959, 116 bl.) uitvoerig stil by die histories gegroeide geestelike verhouding tussen die Europese mens en die mensdom en wêreld buitekant Europa. Tot betreklik onlangs was Europa en die Europese mens toonaangewend in die wêreld. Tans leef ons in ’n tydperk vol verandering. Die terugtog van die Europese mens uit Asië is reeds ver gevorder, in ons eie wêrelddeel het dit begin.

Hoe kan die Europese mens die dieper betekenis van hierdie verandering verstaan? Aan die een kant leef die Europese mens in ’n sfeer van politieke realiteit, andersyds beskik hy ten opsigte van die mensdom buite sy sfeer oor ’n kompleks van voorstellings wat as ’n gevolg van sielkundige drang ontstaan het en wat as die diep ingewortelde begrip omtrent die oer-broederskap van die hele mensdom beskryf kan word. In die bewussyn van die Europese mens is daar ’n dualisme wat, ten spyte van die sterk uiteenlopende aard, innig in die Europese mens vervleg is. Dit is ’n vervlegting van realiteit en mite, die grootste dilemma waarvoor die Europese mens homself in ons dae geplaas sien. Die skrywer het sy werk geskryf met die doel om insig in die gebeure van ons tyd te verskaf. Geskiedskrywers kan later die konkrete aspekte van die groot omwenteling probeer beskryf. ’n Diepgaande studie wat o.m. van ’n groot belesenheid getuig.



STAAL VIR VOORUITGANG!

Staal is die fondament waarop ekonomiese ontwikkeling in elke vooruitstrewende land gebou word. Met 'n huidige produksiepeil van sowat 1,800,000 gietblokke per jaar, voorsien die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk — algemeen bekend as Yskor — meer as 70 persent van die Unie se staalbenodigdhede.

Tans is Yskor besig met grootskaalse uitbreidings waardeur sy produksievermoë weldra tot 2,350,000 gietblokke per jaar verhoog sal word.

So trag hierdie groot onderneming om Suid-Afrika se vooruitgang te bevorder. Vier-en-twintig uur elke dag en sewe dae elke week word staal in Yskor se werke in Pretoria en op Vanderbijlpark vervaardig . . . deur Suid-Afrikaners vir Suid-Afrikaners.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN
INDUSTRIËLE KORPORASIE,**

POSBUS 450

**STAAL
BEPERK**

PRETORIA

Volledige beskerming deur SANLAM:

- **WEDUWESPENSIOEN**
- **STUDIEPOLISSE**
- **VERBANDSDEKKING**
- **KONTANTBONUSSE**
- **SPESIALE ONGESKIKTHEIDSVORDELE**
(o.a. AANTASTING VAN STEM)

BESPREEK GERUS U BEHOEFTE MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER.

HY IS SPESIAAL OPGELEI!

Versekering is

SANLAM

VZ 1913/01a